AFRIKAANS

JUNIE-EKSAMEN

2014

KURSUS	AFRIKAANS 1A	
VRAESTEL	TAALKUNDE & LETTERKUNDE	
EKSAMINATORE	MNR FJ BOTHA DR K DE WET PROF CJ CONRADIE PROF M PIENAAR	
VAKKODE	AFR1A11 / AFR1AA1	**PUNTE**: 200 **TYD**: 3 UUR
EKSAMENDATUM	18 JUNIE 2014 [12:30]	

Die vraestel bestaan uit 6 bladsye

BEANTWOORD AL DIE AFDELINGS IN *AFSONDERLIKE* EKSAMENSKRIFTE

AFDELING A: Deel 1: KORTVERHALE (PROSA) [50]
(MNR FJ BOTHA)

Beantwoord EEN van die volgende SES vrae. Die vrae is gelykwaardig. Onthou om deurgaans gebruik te maak van teksvoorbeelde.

VRAAG 1

Bespreek die wyse waarop die kenmerke van die sogenaamde grensliteratuur in Etienne van Heerden se "My Kubaan" **EN** P.J. Haasbroek se "Anatomieles" bevestig én ondermyn word. Verwys in jou bespreking van "My Kubaan" spesifiek na die a-chronologiese verhaalstruktuur en gee ook uitsluitsel of die Kubaan-figuur as letterlike of figuurlike entiteit geïnterpreteer behoort te word.

(50)

OF

VRAAG 2

Gee 'n volledige bespreking van die uitbeelding van die lesbiese subjek in "Mamy Blue en ek onthou" deur Welma Odendaal **EN** "Aan die einde van die reënboog" deur Jeanne Goosen deur te fokus op genderidentiteit.

(50)

OF

VRAAG 3

In *Vernuwing in die prosa* lewer N.P. van Wyk Louw 'n pleidooi vir die vernuwing van die prosa "deur die aanpak van nuwe temas; deur die opkoms van nuwe woordgebruik; deur nuwe maniere van bou; en die opkoms van 'n nuwe wêreldbeskouing." Hierdie pleidooi kan gevind word in kenmerke wat eie is aan die skryfstyl van die Sestigers.

Verduidelik aan die hand van toepaslike teksvoorbeelde in watter mate André P. Brink se "Dertien", Jan Rabie se "Drie kaalkoppe eet tesame" of "Ek het jou gemaak" aan bogenoemde "vereistes" van die Sestigers voldoen wat vernuwing in die prosa teweeggebring het. Kies enige **TWEE** van die bogenoemde kortverhale vir jou bespreking.

(50)

OF

VRAAG 4

"Die wond" en "Die jonkmanskas" deur Koos Prinsloo is beide postmodernistiese verhale. In "Die wond" word die grens tussen fiksie en werklikheid en waarheid en droom/fantasie vervaag, met die gebrek aan sinvolle kommunikasie wat 'n belangrike tema is terwyl die suster se wond (litteken) 'n metafoor word vir die wondbaarheid/geskendheid van die onderlinge gesinslede. "Die jonkmanskas" handel in essensie oor die ontstaan van die verhaal, met ander woorde die verhaal is 'n verhaal wat na homself verwys.

Gee 'n kritiese bespreking van **OF** "Die wond" **OF** "Die jonkmanskas" as postmodernistiese verhaal.

(50)

OF

VRAAG 5

Gee 'n volledige bespreking van Hennie Aucamp se kortverhale, "Vir Vier Stemme" **EN** "'n Bruidsbed vir tant Nonnie" deur aandag te gee aan:

- watter rol perspektiefwisseling in "Vir vier stemme" speel;
- watter kommentaar "Vir vier stemme" op die Suid-Afrikaanse samelewing lewer;
- hoe die begrippe "storie", "verhaal", "seleksie" en "kombinasie" neerslag vind in "'n Bruidsbed vir tant Nonnie".

(50)

OF

VRAAG 6

Die afwysing van dominasie en 'n gees van onafhanklikheid is 'n baie sterk gegewe in die tekste wat deur die huidige generasie vroue geskryf is. Bespreek hierdie stelling aan die hand van Ingrid Jonker se "Die bok", Rachelle Greeff se "Season's Greetings" en Riana Scheepers se "Heks" deur te verwys na:

- of die tekste suiwer feministies is;
- die uitbeelding van die vrou in die kortverhale;
- uitbeelding van die wit vrou in Suid-Afrika met politieke realiteite;
- kortverhaaltitel as middel om die kortverhaal te ontsluit.

(50)

TOTAAL: [50]

AFDELING A: Deel 2 POËSIE [50]
(DR K DE WET)

Beantwoord **EEN** van die volgende drie vrae. Die vrae is gelykwaardig.

VRAAG 1

Bespreek verskillende sienings oor die aard van die digkuns deur na minstens vier Afrikaanse gedigte waarin kunsteoretiese uitsprake voorkom, te verwys.

Maak seker dat u alle stellings en waarnemings staaf met voorbeeldmateriaal uit spesifieke gedigte.

(50)

OF

VRAAG 2

Besin oor 'n relevante literatuurbeskouing wat gebruik kan word om 'n kritiese bespreking te gee van die volgende gedigte: 'Ballade van die getroude bemindes', 'Ballade van die ontroue bemindes' (Breytenbach), 'Ballade van die ontroue vers' (Hambidge), 'Sproeireën' (Opperman) en 'Curriculum Vitae' (Letoit).

Skryf nou 'n opstel waarin u die aard en kenmerke van hierdie literatuurbeskouing bespreek, en met relevante voorbeelde uit Afrikaanse gedigte illustreer.

(50)

OF

VRAAG 3

Bespreek die voorkoms van beeldgedigte in die Afrikaanse poësie.

U antwoord moet verduidelik wat beeldgedigte is en ook voorbeelde van beeldgedigte in die Afrikaanse poësie grondig bespreek.

(50)

SUBTOTAAL POËSIE : [50]

AFDELING B: Deel 2: FONETIEK EN SPELLING [50]
(PROF CJ CONRADIE)

VRAAG 1

Maak 'n fonetiese transkripsie van die volgende volgens die gewone Afrikaanse uitspraak:

> Die vrou in die sari maak 'n snorkgeluidjie wat amper soos 'n onderdrukte lag klink. Alicia staar verwonderd na haar en die man met die effense bles langs haar, sy nek ongemaklik geknak sodat sy kop teen die venster kan leun.

(10)

VRAAG 2

Benoem die volgende klanke volledig (byvoorbeeld: [k] is 'n stemlose velêre eksplosief; [e] is 'n middelhoë voorvokaal):

[o] in *ook*; [ç] in *gieter*; [a] in *kas*; [w] in *twee*; [R] in *Swartland*

(10)

VRAAG 3

Voer EEN van die volgende drie opdragte uit:

3.1 Verduidelik en dui skematies aan hoe die **produksie**, **oordrag** en **persepsie** van spraakklanke met mekaar verband hou, en watter drie terreine van die fonetiek ons kan onderskei.

(15)

3.2 Maak 'n skets van die **spraakkanaal**, voorsien dit van duidelike byskrifte en dui aan waar die verskillende konsonante gevorm word.

(15)

3.3 Bespreek die verskillende tipes **assimilasie** wat ons in Afrikaans aantref

(15)

VRAAG 4 (SPELLING)

4.1 Formuleer die drie grondbeginsels van die Afrikaanse spelling en illustreer elk met voorbeelde.

(6)

4.2 Dui aan of ons die volgende los of vas skryf en waarom:

hoof verkeersbeampte, woede beheer, silwer lepel, bose gees, in ag neming

(5)

4.3 Dui aan of die koppelteken in die volgende gevalle korrek, foutief of opsioneel is en waarom:
ge-emigreer, stedelike- en omgewingsake, kinder-speelgoed, sewentiende-eeu

(4)

TOTAAL: [50]

AFDELING B: Deel 2: SEMANTIEK [50]
(PROF M PIENAAR)

Beantwoord **een** van die volgende vrae:

VRAAG 1

Skryf 'n opstel oor die verskillende tipes definisies wat die leksikograaf tot sy beskikking het. Dui telkens aan wat die voor- en nadele van elke tipe definisie is en lig u antwoord toe met voorbeelde.

VRAAG 2

Makrostruktuele beperkings geld by die keuse van items wat in 'n woordeboek opgeneem word. Bespreek.

VRAAG 3

Mikrostruktuele beperkings geld by die inligting wat by lemmas gegee word en beïnvloed ook die aanbieding daarvan. Bespreek.

(50)

TOTAAL: [50]